

Geagte Lid

VERANDERINGE & BEPERKINGS AAN DIE INTERNASIONALE REIS VOORDELE WAT DEUR DIE RAAD VIR MEDIESE SKEMAS (RMS) VOORGESTEL WORD VIR ALLE MEDIESE SKEMAS

Die Raad vir Mediese Skemas (RMS) het op 28 September 2018, **Omsendbrief 45 van 2018: Internasionale Reisvoordeel** gepubliseer, waar hulle veranderinge en beperkings ingestel het wat verwantskap hou met die internasionale reisvoordele wat mediese skemas aan lede mag bied.

Aangesien dit 'n riglyn vanaf die RMS is, moet Bestmed (en ander mediese skemas) binne 30-dae aan die bepalings van die omsendbrief voldoen. Alle beleide wat reeds in 2018 vir 2018 en 2019 uitgereik is, sal vereer word.

Die volgende veranderinge sal van toepassing wees op die Internasionale Reisversekeringsdekking wat deur Bestmed aangebied word:

- Nie-mediese uitgawes (bv. terugbetaling van telefoniese noodoproepe, besoeke deur 'n familielid, terugkeer van gestrande kinders, terugkeer van jou liggaam en roukoste) **mag nie meer deel van die Skema-aanbieding wees nie** en moet afsonderlik deur die lid verkry word van hul versekeraar teen 'n addisionele koste. Dit geld sowel vir besigheids- as ontspanningsreise. Lede sal 'n geleentheid kry om 'n bykomende top-produk direk vanaf *Bryte* Versekering vir nie-mediese voordele en eise te kan koop.
- Soos voorheen, geld alle mediese dekking vir minder as 90-dae. Indien jy langer as 90-dae reis, maak asseblief seker dat jy 'n bykomende produk direk vanaf *Bryte* Versekerars of enige ander versekeraar van jou keuse koop.
- Behalwe vir die huidige dekking-uitsluiting van hart- of kardiovaskulêre-toestande vir lede 70-jaar en ouer, wat onveranderd bly, is die reisdekking afsny ouderdom vir lede 84-jaar en ouer verwyder, onderhewig aan 'n mediese praktisyn wat vir *Bryte* Versekerars 'n brief moet voorsien, waarin hul verklaar dat die lid geskik is om te reis.

Indien jy enige verdere inligting in hierdie verband verlang, kontak gerus *Bryte* Insurance.

- **Telefoon:** 0860 329 329
- **E-pos:** er24@brytesa.com

Vriendelike groete

Bestmed Mediese Fonds